



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 27 NOVEMBER 2014 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)

Rangasamy, M (DA)

Cleophas, J H (DA)

Sedeman, A C (DA)

Cloete, C M (ANC)

Sneewe, A M (ANC)

Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)

Stemele, O M (DA)

Geel, B W (DA)

Traut, L (DA)

Fortuin, C (ANC)

Van der Merwe, J I (COPE)

Humphreys, F S (ANC)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Papers, C H (DA)

Van Zyl, M (DA)

Philander, D B (ANC)

Wilskut, W (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha

Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Die Speaker verwelkom almal teenwoordig en versoek Pastoor Davids van die Apostoliese Geloofsending om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beampes wat die afgelope tyd verjaar het of binnekort sal verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B J Stanley en N S Zatu.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Uitvoerende Burgemeester, na afloop van die vergadering, bied kennis dat Swartland Munisipaliteit 'n skoon oudit by die Ouditeur-Generaal verkry het vir die vierde agtereenvolgende jaar. Hy spreek sy dank uit teenoor al die amptenare van die munisipaliteit vir hul bydrae, veral die Munisipale Bestuurder, direkteure, mnre C Gerber en P Le Roux.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat, as blyk van waardering aan die Raad en amptenare, die munisipale kantore gesluit sal wees op Vrydag, 2 Januarie 2015.

Die Uitvoerende Burgemeester wens al die raadslede en amptenare 'n geseënde feesseisoen toe en versoek dat die Batho Pele-beginsels gedurende hierdie tyd uitgeleef word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 AUGUSTUS 2014

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Augustus 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 14 AUGUSTUS 2014

saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 6 AUGUSTUS 2014

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 10 SEPTEMBER 2014

saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 3 SEPTEMBER 2014

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 29 JULIE 2014

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 AUGUSTUS 2014

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 SEPTEMBER 2014

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 25 SEPTEMBER 2014

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 WYSIGING VAN VERTEENWOORDIGING DEUR RAADSLEDE OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES (3/1/1)

Die verkiesing van rdl L Traut as wyksraadslid van Wyk 10, en gevolglik as raadslid op die munisipale raad, sowel as die aanwysing van rdl M Rangasamy met ingang van 1 Julie 2014 op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het aanleiding gegee tot wysigings op die interne en eksterne verteenwoordiging van raadslede op komitees.

Die Uitvoerende Burgemeester hou die wysigings voor wat met die sakelys gesirkuleer is.

8.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

- (a) Dat die wysigings soos aangetoon op die lys van raadslidverteenwoordiging op interne en eksterne komitees, ingesluit artikel 80-komitees, goedgekeur word;
- (b) Dat die naam van die Swartland Munisipale Polisie diens: Toesighoudingskomitee gewysig word na Swartland Verkeer- en Wetstoepassingsdiens: Toesighoudingskomitee.

8.2 AFBAKENING VAN WYKE VIR DIE 2016 PLAASLIKE VERKIESING

Die munisipale grense is gedurende 2013 deur die Munisipale Afbakeningsraad hersien en vasgestel. Laasgenoemde is nou in proses om die afbakening van wyksgrense te finaliseer met die oog op die 2016 munisipale verkiesing.

Die aantal raadslede word bepaal deur 'n formule, soos toegelig in die verslag, wat vasgestel word deur die nasionale minister vir plaaslike regering. Hiervolgens kwalifiseer Swartland Munisipaliteit vir 24 raadslede.

Die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering het egter die bevoegdheid om van die aantal raadslede af te wyk, met in ag neming van sekere kriteria. Die bepaling van die aantal raadslede vir munisipaliteite in die Wes-Kaap is deur Minister Bredell in Provinsiale Koerant, PK 264/2014 gedateer 6 Oktober 2014 afgekondig, en word daar volstaan met 23 raadslede vir Swartland Munisipaliteit.

Die Munisipale Afbakeningsraad is tans besig om die eerste stel wykskaarte op te stel, wat gedurende Desember 2014 aan munisipaliteite beskikbaar gestel sal word, waarna 'n publieke deelnameproses sal volg.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat kennis geneem word dat die getal raadslede vir Swartland Munisipaliteit ingevolge Provinsiale Kennisgewing 264/2014 van 6 Oktober 2014 vasgestel is op drie-en-twintig (23), welke vasstelling in werking tree op datum van die volgende algemene munisipale verkiesing;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Afbakeningsraad reeds 'n aanvang geneem het met die opstel van die eerste stel wykskaarte, wat aan publieke konsultasie onderhewing gestel sal word sodra dit ontvang is.

8.3 VOORLEGGING VAN VERSKEIE KONSEP VERORDENINGE (1/1)

Swartland Munisipaliteit is tans in die proses om alle verordeninge te hersien. Die eerste fase van die projek is reeds afgehandel en is die finansiële verordeninge, onder andere, reeds in die Provinsiale Koerant op 11 Julie 2014 afgekondig.

Die tweede fase was geïnisieer deur die uitnodiging van tenders om geselekteerde verordeninge te hersien, op te dateer of te vervang. Die konsep verordeninge wat as deel van fase twee behandel word is met 'n aparte omslag gesirkuleer en behels die volgende:

- (i) Verordening insake Luggehalte: 'n Nuwe verordening was opgestel om kwessies insake luggehaltebeheer te reguleer in terme van die *National Environment Management: Air Quality Act, 2004*;
- (ii) Verordening insake Buitereklame en Advertensietekens: Hierdie verordening vervang die verordening insake Advertensietekens en die skending van die aansigte van strate, soos gepromulgeer in Provinsiale Kennisgewing 5859 gedateer 19 April 2002;
- (iii) Verordening betreffende die Indiening van Bouplanne: Nuwe verordening
- (iv) Verordening insake die Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop – Hierdie verordening vervang die bestaande Verordening op Drankhandelsdae- en ure soos gepromulgeer in Provinsiale Kennisgewing 6986 van 20 April 2012;

8.3/...

- (v) Verordening insake Oordrag van Bates asook Beleid insake Oordrag van Bates: Hierdie verordening was hersien om sodoende aan die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 en die *Municipal Asset Transfer Regulations*, 2008 te voldoen en sal die huidige verordening vervang;
- (vi) Skutverordening – Nuwe verordening

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond met betrekking tot die voorgestelde Bouplanverordening, wat bedoel om staatsdepartemente te verplig om bouplanne in te dien wanneer bouwerk, byvoorbeeld skole in die munisipale gebied opgerig word. Vir doeleindes van die 2015/16 begroting, sal die implementering van rabate op bouplantariewe vir staatsdepartemente in oorweging geneem word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H Papers)

- (a) Dat die konsep verordeninge soos vervat in die bylae in beginsel goedgekeur word;
- (b) Dat die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;
- (c) Dat 'n werkwinkel met alle raadslede vir Woensdag, 11 Februarie 2015 om 14:00 gereël word om die konsep verordeninge se inhoud deur te werk.

8.4 HIGHLANDS-STORTINGSTERREIN: NOVASIE-OOREENKOMS (K15)

Die ooreenkoms met mnr Baumgarten vir die bestuur, bedryf en onderhoud van die Highlands Stortingsterrein, sowel as die Herwinningsaanleg het reeds etlike jare gelede 'n aanvang geneem. Die ooreenkoms is wel in 2009 hersien om nuwe wetgewing in ag te neem.

'n Aansoek is vanaf mnr Baumgarten ontvang om alle verpligtinge ingevolge die ooreenkoms na *Waste-Gro* oor te dra. Die aansoek is op 14 Augustus 2014 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê en is beginsel goedkeuring verleen vir die Novasie-ooreenkoms met mnr Baumgarten, onderhewig aan die volgende:

- (i) dat die voorneme in die plaaslike koerante gepubliseer word, en dat 21 dae vir publieke kommentaar/vertoë toegelaat word;
- (ii) dat beide die Novasie-ooreenkoms sowel as enige kommentaar insake hierdie aangeleentheid in terme van artikel 116(3) van die MFMA, aan die Raad voorgelê word vir finale goedkeuring;
- (iii) dat alle kostes in verband met hierdie transaksie, insluitend regs- en advertensiekostes, deur mnr Baumgarten gedra word.

Die kommentaar vanaf Jan Palm Raadgewende Ingenieurs, wat die Raad in die monitering van die kontrak met Baumgarten bystaan, is ook bekom.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat kennis geneem word dat die voorneme om 'n Novasie-ooreenkoms met Baumgarten te sluit in terme van artikel 116(3) van die MFMA in die pers geadverteer en geen kommentaar of vertoë in verband daarmee ontvang is nie;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die substitusie van *Waste-Gro* vir Baumgarten onder die bestaande kontrak vir die bestuur, bedryf en onderhoud van die Highlands stortingsterrein, ingevolge die Novasie-ooreenkoms vervat in Aanhangsel A tot die verslag;
- (c) Dat kennis geneem word dat die sluiting van die Novasie-ooreenkoms in effek die hersiening van die ooreenkoms met Baumgarten behels in terme van artikel 116(1)(b)(iii) van die MFMA, wat die Munisipaliteit verplig om langtermynkontrakte gereeld te moet hersien, asook in terme van klousule 12.2.1 van die hoofooreenkoms;

8.4/...

BESLUIT VERDER

- (d) Dat kennis geneem word van die beswaar vanaf die ANC – by monde van rdl D B Philander – teen die aangaan van 'n Novasie-ooreenkoms met mnr Baumgarten, weens beweerde versuim van die DA om voorheen benadeeldes ekonomies te bemagtig.

8.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING AAN SANRAL VAN VERSKEIE GEDEELTES ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM VIR NASIONALE PADVEREISTES (12/2/B)

Die *Manco-Aurecon Joint Venture* is deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) aangestel om die verkryging van grond vir nasionale pad doeleindes te hanteer. Eersgenoemde het op hul beurt *Pendo Property Valuers* op 'n paneel van diensverskaffers aangestel om behulpsaam te wees met die waardering van eiendomme en dienste met betrekking tot onderhandelinge om grond vir vermelde doeleindes te bekom.

Manco-Aurecon JV het per skrywe gedateer 17 November 2014 aangedui watter grond nodig word vir die opgradering en verbreding van die N7/1&2 padreserwe (Liefontein na Hopefield) om reeds vroeg in Maart 2015 met konstruksie te kan begin.

BESLUIT

(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl B W Geel)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die volgende eiendomme uit-die-hand-uit aan SANRAL vervreem of gebruiksregte ten opsigte daarvan verleen word vir doeleindes van opgradering/verbreding van die N7:

Permanente vervreemdings:

| | Eiendomsbeskrywing | Grootte (ha) |
|-----|--|---------------------|
| 1. | Gedeelte 1 van Plaas 1113 Malmesbury RD (vakante landbougrond) | 0.7350 |
| 2. | Erf 327 Malmesbury (oop ruimte) | 0.5570 |
| 3. | Erf 327 Malmesbury (bestaande Darlingweg) | 0.2091 |
| 4. | Erf 327 Malmesbury (smal voetgangersroete) | 0.0115 |
| 5. | Erf 327 Malmesbury (bestaande padreserwe) | 0.5768 |
| 6. | Erf 327 Malmesbury (bestaande N7 padreserwe) | 18.1641 |
| 7. | Erf 1137 Malmesbury (tussen N7 afrit & N7 padreserwe) | 0.0249 |
| 8. | Erf 6948 Malmesbury (bestaande Plattekliprivier) | 0.0341 |
| 9. | Erf 2669 Malmesbury (bestaande padreserwe) | 1.0675 |
| 10. | Erf 7456 Malmesbury (onbruikbare grond) | 0.0189 |
| 11. | Erf 5512 Malmesbury (lang smal bestaande padreserwe) | 0.6649 |
| 12. | Erf 5108 Malmesbury (lang smal bestaande padreserwe) | 0.1302 |
| 13. | Erf 5350 Malmesbury (oop ruimte) | 0.0576 |
| 14. | Erf 5105 Malmesbury (oop ruimte) | 0.4592 |
| 15. | Ongeregistreerde Erf 11217 Malmesbury (vakante kleinhoewe) | 1.3732 |
| 16. | Gedeelte 15 van Plaas 766 Malmesbury RD (vakante kleinhoewe) | 0.0818 |
| 17. | Ongeregistreerde Erf 3499 Malmesbury (vleiland/rivier) | 0.0500 |

8.5(a)/...

Langtermyn gebruiksvaunnging:

| | Eiendomsbeskrywing | Grootte (ha) |
|----|--|---------------------|
| 1. | Erf 5105 Malmesbury (vir gebruik as voetganger- onderoorgang) | 0.0304 |

Korttermyn gebruiksvaunnging:

| | Eiendomsbeskrywing | Grootte (ha) |
|----|---|---------------------|
| 1. | Ongeregistreerde erf 11217 Malmesbury (vir gebruik as tydelike 'spoil site') | 6.3447 |

- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat vervreem of ten opsigte waarvan gebruiksvaunnging verleen staan te word in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Munisipale Bestuurder om, in samewerking met al die interne rolspelers, die finale diagramme (eiendoms groottes) te finaliseer, asook om die verkoopprijs daarvan te onderhandel, met dien verstande dat lg billike markwaardes sal reflekteer;
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoop- en gebruiksooreenkomste te mag finaliseer en onderteken;
- (d) Dat goedkeuring verleen word dat daar van SANRAL se prokureurs gebruik gemaak word om die ooreenkomste op te stel en te finaliseer;
- (e) Dat SANRAL verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat met die transaksies verband hou, ingesluit enige hersonerings- en ander tersaaklike administratiewe aksies, waaronder advertensieskoste;
- (f) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendomme uit hoofde van die Raad se Verordening insake die Administrasie van Onroerende Eiendom vir publieke kommentaar geadverteer word.

8.6 **VOORGESTELDE ONTWIKKELING EN VERVREEMDING VAN RESIDENSIËLE EIENDOMME (GELEË TE ERF 3715, MOORREESBURG) PER 'PRE LAUNCH' VEILING (12/2/B)**

Die Munisipaliteit is deur twee werkgewers in Moorreesburg genader wat belangstel om eiendomme te bekom waarop behuising vir hul werknemers opgerig kan word.

Aangesien daar tans nie enige residensiële eiendomme in Moorreesburg as sulks beskikbaar is nie, is 'n voorlopige beplanning gedoen om ten noorde van die bestaande laekostebehuisingprojek ses-en-twintig (26) erwe te skep.

Daar word aan die hand gedoen dat die kopersmark, wat nie net tot die werkgewers beperk sal word nie, getoets word om die belangstelling in die erwe te bepaal alvorens daar met die ontwikkeling van die erwe voortgegaan word.

Rdl C Fortuin (en ook rdl J I van der Merwe later) spreek die bekommernis uit dat werknemers moontlik nie self eienaarskap sal bekom nie en, wanneer verhoudinge met die werkgewer versuur, die wonings sal moet ontruim. Rdl Fortuin beroep spesifiek dat die betrokke eiendomme, wat deel vorm van die beplanning vir die 2020-behuisingprojek, vir die behuisingprojek gereserveer moet word, ten einde seker te maak dat persone op die waglys behuising sal bekom.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H Papers)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die ses-en-twintig (26) eiendomme onderverdeel word van erf 3715, Moorreesburg per openbare veiling aangebied word vir vervreemding, en wel op die basis van 'n sg. 'pre launch' ten einde belangstelling in gemelde erwe te toets;

8.6/...

- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word vir vervreemding as residensiële erwe geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die vervreemding van die eiendomme nie net tot die werkgewers beperk sal word nie, maar dat daar wel 'n spesiale bemarkingsaksie onder werkgewers in Moorreesburg geloods sal word om belangstelling in die erwe te stimuleer;
- (d) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word, welke reserweprys deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;
- (e) Dat volmag verleen word
 - (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om binne 21 dae na afloop van die veiling die aanbiedings wat ontvang is vir die onderskeie erwe te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;
 - (ii) aan die Munisipale Bestuurder om die datum, tyd en plek van die veiling te finaliseer in oorlegpleging met die afslaer;
 - (iii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir doeleindes van die veiling te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur te Moorreesburg;
- (f) Dat die voorgenome vervreemding van bogemelde eiendomme in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar;

BESLUIT VERDER –

- (g) Dat kennis geneem word van die kommer wat bestaan dat werknemers moontlik nie op eienaarskap sal aanspraak maak indien bogemelde eiendomme aan werkgewers vervreem word nie, en daar gepoog sal word om hierdie risiko in die voorwaardes van verkoop te bestuur.

8.7 **VOORGESTELDE KANSELLASIE VAN HUUROOREENKOMS EN VERVREEMDING VAN ONROERENDE EIENDOMME: ERWE 1339 TOT 1344, MOORREESBURG (12/2/B)**

Nitrophoska (Edms) Bpk (voorheen bekend as Plaaslike Boeredienste (Edms) Bpk) huur erwe 1339 tot 1344 geleë te Impalastraat, Moorreesburg van die munisipaliteit ingevolge 'n langtermyn huurooreenkoms wat einde April 2027 uitloop. Die persele is deur die destydse Moorreesburg Munisipaliteit aan die maatskappy beskikbaar gestel om huisvesting vir hul werkers op te rig.

Nitrophoska (Edms) Bpk is bereid om die geboue, wat hul eiendom is, teen geen koste aan die Raad te oorhandig met dien verstande dat die huidige bewoners voorrang verleen word om die wonings by die munisipaliteit aan te koop.

BESLUIT

(op voorstel van rdl C H Papers, gesekondeer deur rdl D B Philander)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die huurooreenkoms met Nitrophoska (Edms) Bpk, voorheen Plaaslike Boeredienste (Edms) Bpk ten opsigte van die huur van erwe 1339 tot 1334, Moorreesburg gekanselleer word, en die Raad aldus eienaarskap van die eiendomme neem;
- (b) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat erwe 1339 tot 1344 uit-die-hand uit aan die huidige bewoners daarvan vervreem word teen betaling van 'n bedrag gelykstaande aan die munisipale waardasie daarvan, welke verkoopprijs (BTW uitgesluit) deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;

(c)/...

8.7/...

- (c) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat verkoop staan te word as residensiële erwe kwalifiseer en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (d) Dat die Munisipaliteit se Behuisingsdepartement 'n sosio-ekonomiese opname by die huurders sal doen en gemelde huurders behulpsaam sal wees met aansoeke om behuisingssubsidies;
- (e) Dat daar gepoog sal word om ook die oordragkoste uit die subsidies te betaal;
- (f) Dat die voorgename uit-die-hand vervreemding van bogemelde eiendomme in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar.

8.8 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: INDUSTRIËLE PARK (ERF 1133), MOORREESBURG (12/2/B)

In Desember 2007 is daar deur die voormalige munisipale raad in beginsel goedkeuring verleen vir die daarstel van 'n nywerheidspark op erf 1133, geleë aan die N7 te Moorreesburg.

Die Munisipaliteit is onlangs genader deur 'n ontwikkelaar, wat belangstel om nagenoeg vyf hektaar van gemelde erf te bekom. Die aanduiding is egter dat daar ook 'n ander ontwikkelaar is wat belangstel om 'n gedeelte nywerheidsgrond te bekom.

Daar word nou aan die hand gedoen dat die elf erwe gekonsolideer word en dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die ontwikkeling daarvan, in 'n poging om te verseker dat welke ontwikkelingsvoorstel ookal suksesvol sal wees, dit optimaal voordelig sal wees en die potensiaal van die grond ten beste benut.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die vervreemding van 'n gedeelte (groot ± 5.3 Ha) van erf 1133, Moorreesburg;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat vervreem staan te word, reeds in 2007 vir vervreemding vir nywerheidsdoeleindes geormerk is, en nòg in daardie stadium nòg nou vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word;
- (c) Dat volmag verleen word
 - (i) aan die Munisipale Bestuurder
 - om 'n reserweprys, wat minstens gelykstaande moet wees aan die munisipale waardasie van die eiendom, vas te stel vir bekragtiging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voordat die eiendom per tender aangebied word;
 - om te besluit of the mededingende bodproses 'n een- of twee-fase bodproses sal behels;
 - om, indien die twee-fase bodproses gevolg word, 'n komitee aan te wys om die ontwikkelingsvoorstelle in die eerste fase te oorweeg;
 - (ii) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die hoogste monetêre aanbod te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;
 - (iii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die tenderkriteria en voorwaardes van verkoop te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur te Moorreesburg;

(d)/...

8.8/...

- (d) Dat die voorgename vervreemding van bogemelde eiendom in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar.

8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (GELEË TE MALMESBURY) PER OPENBARE VEILING (12/2/B)

Die Munisipaliteit beskik oor 'n groot aantal residensiële eiendomme wat oor die jare heen ontwikkel (gediens) is vir vervreemding aan die publiek, maar wat óf nooit verkoop is nie óf wel verkoop is, maar weens omstandighede die Raad weer toegeval het.

BESLUIT

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die volgende residensiële eiendomme in Malmesbury per publieke veiling te koop aangebied word:
- Een-en-twintig (21) erwe in Dalsig (nie beperk te word tot eerste huiskopers nie);
 - Drie-en-twintig (23) erwe in Uitbreiding 12, Wesbank;
 - Drie (3) erwe te Tafelzicht;
 - Gedeelte A, Gedeelte B en die restant van erf 375, Malmesbury (lg. met verbeterings daarop) as afsonderlike gedeeltes;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word vir vervreemding as residensiële erwe geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word soos aangetoon in die verslag en/of aanhangsels, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;
- (d) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om binne 21 dae na afloop van die veiling die aanbiedings wat ontvang is vir die onderskeie erwe te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;
 - (ii) aan die Munisipale Bestuurder om die datum, tyd en plek van die veiling te finaliseer in oorlegpleging met die afslaer;
 - (iii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verloop doeleindes van die veiling te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur te Malmesbury;
- (e) Dat die voorgename vervreemding van bogemelde eiendomme in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar;
- (f) Dat goedkeuring verleen word dat indien daar geen bod ontvang word vir die eiendomme wat per publieke veiling te koop aangebied word nie, of waar sodanige eiendomme onverkoop bly na afloop van enige ander mededingende proses, die onverkoopte eiendomme uit-die-hand verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendomme op die stadium van vervreemding).

8.10 2015 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die voorgestelde datums vir portefeuljekomitees-, uitvoerende burgemeesterskomitees- en raadsvergaderings, asook vir wykskomiteevergaderings vir 2015 is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

8.10/...

BESLUIT

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2015 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;
- (d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

**GETEKEN:
SPEAKER**